## PAULUS SE BRIEF AAN DIE

# EFESIËRS

"Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig."


DIE KRAG VAN
GENADE
EFESIËRS 2:1-22


DIE KRAG VAN
LIEFDE
EFESIËRS 3:1-21











MADONNA DELLA LIBERA
ALATRI (FR) ITALIA
ITALY
de El Quinche
ECUADOR
SINGAPORE
中華聖母為我等祈
REGINA SINARUM ORA PRO NOBIS
CHINA


EDINBURGH
CLANRANALD
GORDON
SCOTLAND


CHILE




ANNO MARIAE 1987-1988
SOUTH AFRICA

# EFESIËRS 1-3

A 1:1-14 – Lofprysing
B 1:15-23 – Gebed
C 2:1-10 – God se verlossingsplan: Gered van die dood
C 2:11-18 – God se verlossingsplan: Christus bring vrede
D 2:19-22 – Die nuwe Tempel
C 3:1-13 – God se verlossingsplan: Omgekeerde Koninkryk
B 3:14-19 – Gebed
A 3:20-21 – Lofprysing

1 Om hierdie rede is ek, Paulus, die
gevangene van Christus Jesus, ter wille
van julle, die heidene...
2 Julle het tog gehoor dat die taak van die
bediening van God se genade teenoor
julle aan my toevertrou is.

Efesiërs 3:1-21

3 Deur openbaring is die geheimenis aan my
bekend gemaak, soos ek reeds kortliks geskryf
het. 4 Wanneer julle dit lees, sal julle daardeur
my insig in die geheimenis van Christus kan
begryp. 5 Die geheimenis is nie aan vorige
geslagte onder die mensdom bekend gemaak,
soos dit tans deur die Gees aan sy heilige
apostels en profete geopenbaar is nie,

Efesiërs 3:1-21

6 naamlik dat die heidene deur die evangelie
mede-erfgename,
medelede van die liggaam en
deelgenote aan die belofte
in Christus Jesus is.
7 Van dié evangelie het ek 'n dienaar geword,
ooreenkomstig die gawe van God se genade
wat aan my betoon is volgens die werking van
sy krag.

Efesiërs 3:1-21

8 Aan my, minder as die geringste van al die
heiliges, is hierdie genade geskenk, om aan die
heidene die evangelie van die onpeilbare
rykdom van Christus te verkondig, 9 en om
almal in te lig wat die uitvoering van die
geheimenis is wat vir eeue lank verborge was
in God, wat alle dinge geskep het.

EFESIËRS 3:1-21

10Gevolglik kan die ryklik geskakeerde
wysheid van God nou deur die kerk aan die
owerhede en die magte in die hemel bekend
gemaak word, 11ooreenkomstig sy ewige
voorneme, wat Hy gemaak het in Christus
Jesus, ons Here.

EFESIËRS 3:1-21

12 In Hom het ons, deur ons geloof in Hom, 'n
seker en vrymoedige toegang tot God.
13 Daarom versoek ek julle om nie moedeloos
te word as gevolg van my verdrukking ter
wille van julle nie. Dit sal julle tot eer strek.

EFESIËRS 3:1-21

14Om hierdie rede buig ek my knieë voor die
Vader, 15van wie elke geslag in die hemel en
op aarde sy naam ontvang. 16Ek bid dat Hy
vir julle na die rykdom van sy heerlikheid dít
sal skenk:

EFESIËRS 3:1-21

om deur sy Gees met krag
na die innerlike mens versterk te word,
17 sodat Christus deur die geloof
in julle harte mag woon,
terwyl julle in die liefde
gewortel en gegrond is,

EFESIËRS 3:1-21

18 sodat julle volledig in staat mag wees
om saam met al die heiliges
tot die besef te kom
van die breedte en die lengte
en die hoogte en die diepte,
19 ja, om die liefde van Christus te leer ken,
wat alle begrip te bowe gaan,
sodat julle gevul mag word
met al die volheid van God.

EFESIËRS 3:1-21

20 Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons
werk, die mag het om oneindig meer te
doen as alles wat ons bid of dink, 21 aan Hom
kom toe die heerlikheid in die kerk en in
Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir
ewig en ewig. Amen.

EFESIËRS 3:1-21


DIE KRAG VAN
LIEFDE
EFESIËRS 3:1-21